



in vennootskap met die



BYBELVASVRA

Postnet (Aandag: Dr. Hennie Schmidt)

Elridge Corner

Boksburg 1459

Sel: 0846036037

E-pos: rbbbybelvasvra@gmail.com

NASIONALE BYBELVASVRA 2019: REËLS EN REGULASIES

Die vasvra vind oor drie rondtes plaas. Alle spanne neem aan die eerste twee rondtes deel. Die derde rondte is die finaal, waaraan die Top 10 senior spanne deelneem. Alle spanne en afrigters is onderhewig aan die volgende reëls, soos deur die Bybelvasvra-komitee bepaal:

- Geen span sal deelneem, voordat 'n inskrywingsvorm en bewys van betaling ontvang is nie.
- Leerders neem in skooldrag deel (tensy die skool nie oor skooldrag beskik nie), of indien die span deur 'n kerk of ander instansie ingeskryf is.
- Geen spanlede mag na die eerste rondte vervang word nie, tensy 'n deelnemer medies ongeskik raak, of sou verhuis. Indien 'n instansie meer as een span inskryf, mag leerders wat aan die eerste rondte deelgeneem het, van span verander.
- Die geskrewe antwoordstelsel word sentraal nagesien en die uitslae daarvan sal binne twee weke na die onderskeie rondtes bekend gemaak word.
- Sodra al die spanne ingeskryf het, sal 'n kode aan elke span toegeken word. Hierdie kodes sal ook gebruik word wanneer die punte bekend gemaak word om die identiteit van spanne, wat nie so goed gevaar het nie, te beskerm.
- Die punte van die eerste twee rondtes word bymekaargetel en die Top 10 senior spanne word uitgenooi na die finale rondte, wat in Oktober elke jaar plaasvind.
- Die senior spanne wat na die finaal deurdring, (nie noodwendig 'n span uit elke provinsie nie), sal alle verrigtinge bywoon, soos deur die Bybelvasvra-komitee gereël.
- Enige besware tydens rondte 1 en 2 moet aan die betrokke organiseerder geopper word. Sy/haar beslissing is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
- Slegs skriftelike navrae/besware sal deur die komitee ondersoek en so spoedig moontlik verwerk word.

Verontagsaming van bogenoemde mag lei tot diskwalifikasie.

Dr. Hennie Schmidt
Organiseerder